
### 5.0.1 <u>Kerkplein</u>

<u>Kaart 1</u>



**<u>Compass Sketch Map of Pretoria, Transvaal</u>.**
<u>Compiled in Royal Engineer's Office, Pretoria. 14.11.1879</u>

Hierdie is die oudste kaart van Pretoria waar die geboue aangedui word. Dit is nie baie akkuraat geteken nie maar gee tog 'n aanduiding van die geboue rondom Kerkplein in 1879.

Hierdie kaart is verkeerd-om geteken. Noord is aan die onderkant van die kaart i.p.v. aan die bokant. Die afdruk wat hier geplaas is het ek omgedraai en noord is dus aan die bokant, daarom dat "Church Square" onderstebo geskryf is.

Hier sien ons die eerste kerk op Kerkplein nadat dit vergroot en die konsistorie aangebou is. Op die suid-westelike hoek van Kerkplein en Markstraat is die Eerste Raadsaal en langsaan die European Hotel. Hierdie twee geboue sou later plek maak vir die Ou Raadsaal wat vandag nog daar staan.

Oorkant die plein is die eerste skoolgebou en ook die pastorie van ds. Begeman. Hier staan vandag die imposante gebou van die Paleis van Justisie. Kyk ook na die baie voetpaaie wat oor die straatblokke loop.

<u>Bron</u>
Rosa Swanepoel Versameling, Kaart Nommer 2.